### *Verslag van Roban en Kisjonah*

**56** Na sonsondergang kom Roban, begelei deur Kisjonah uit Kis, by My huis aan en groet al van ver af elkeen wat hy teëkom. Kisjonah hardloop met ope arms na My toe, begroet My heel eerste baie hartlik met trane in sy oë en groet dan na `n oomblik sy dogter, wat lank sy hand vashou en met soene oordek. Aldus begroet hy ook sy skoonseun Cornelius, en hy verneem dat die luisterryke Romein wat langs My sit, die opperstadhouer Cyrenius is, en vra hom om vergifnis dat hy hom oor die hoof gesien het!

[2] Maar **Cyrenius** gryp die ontroerde Kisjonah se hand, druk dit teen sy bors en sê hardop: "Jy moet nie vir my nie, maar ek moet vir jou om vergifnis vra dat ek jou nie eerder gegroet het nie; maar my verontskuldiging is dat ek jou nie persoonlik geken het nie! Want behalwe aan die Meester JaHshua, waaraan natuurlik slegs alle lof en alle eer toekom, is ek ook aan jou, troue opregte man, oneindige dank verskuldig, want onder alle mense van die streek het jy beslis die meeste daartoe bygedra dat ek uit `n moeilike situasie gered is, wat my andersins sekerlik die lewe sou gekos het! Dit doen my werklik heelwat genoeë om jou, my baie gewaardeerde vriend, nou persoonlik te leer ken."

[3] Kisjonah is nou weer heeltemal gelukkig en vertel ons baie oor wat hy in die tussentyd beleef het, en vertel ons daarna ook hoe hy saam met die opregte ou Roban, Sigar besoek het en daar met JonaEl, Jaïrus en heel dikwels met ArkiEl gepraat het, wat nou heeltemal gewoonweg as mens geleef en gewerk het, sodat `n vreemde nie eers in die verste verte daaraan sou dink dat hy `n suiwer geestelike wese is nie.

[4] So het hy ook dokter Joram en sy wonderlike, glansryke huis benewens sy liewe vrou besoek en van beide buitengewone wonderlike dinge gehoor. **Roban** was by alles die heeltyd ene oë en ore gewees en het hom grensloos oor alles verwonder. Op daardie oomblik toe hy heeltemal diep onder die indruk was, het hy nog by homself gesê: "Ja, ja, bloed en lewe vir die goddelike Meester uit Násaret! **Want Hy kan geen mens wees nie, maar Hy moet Elohim Self wees, anders sou Hy sulke dinge nie kon gedoen het nie!"**

[5] Terwyl Kisjonah dit nog aan die vertel is, kom **Roban** na My toe en sê: "Meester, ek is U s`n, en geen mag behalwe U kan my van U skei nie!"

[6] **Ek** sê: "Ek het wel vooruit geweet dat jy Myne sou word; maar jy weet nog nie dat ook al jou broers en ampsgenote nou aan My behoort nie, sonder om op te hou om dit vir die wêreld te wees wat hulle eers was. Op dieselfde wyse sal jy ook voorlopig bly wat jy is, en wel net vir solank as wat die nuwe skoolowerste, wat oormôre die amp van Jaïrus sal oorneem, ingewerk is.

[7] Maar jou broers sal jou wel alles uitlê wat jy moet doen en sê, en hoe jy jou moet gedra teenoor die nuwe owerste. Hy sal in die begin weliswaar soos `n nuwe besem vee, maar binne `n halfjaar sal julle vir geld alles met hom kan doen, **want hy glo nie aan die tempel nie, maar voorlopig slegs aan geld**, later sal hy wel in staat wees om in iets beters te glo. - Gaan nou egter na jou broers en vertel hulle alles wat jy gesien en gehoor het!"

[8] Na My woorde neem **Roban** afskeid van Kisjonah, dank hom vir al die goeie dade wat hy aan hom bewys het en sê dan: "Ek glo nie dat daar op die wêreld nog baie Kisjonah's te vinde sal wees nie! Daarom is jy die enigste wat my hart geraak en gevind het! Die Meester seën julle vir al die goeie wat julle aan my en duisend ander bewys het!" - Na hierdie woorde buig hy diep voor ons en gaan vinnig na sy broers, wat vandag nog in die sinagoge byeen was - egter sonder die slapendes, wat kort na ons vertrek uit die sinagoge verwyder is. Hy word verrassend vriendelik ontvang, en hy vertel almal vrolik en opgewek onder baie verbaasde uitroepe alles wat hy beleef, gehoor en gesien het.

[9] Ons is egter ook in `n goeie gemoedstemming, want Kisjonah het nie met leë hande gekom nie, maar vergesel van `n aantal volbloed lasdiere met hul begeleiers, en hy het wyn, meel, kaas, brood, heuning en `n groot hoeveelheid uitgelese gerookte visse saamgebring, sodat moeder Mirjam skaars plek gehad het om al die saamgebragte goedere op te berg.

[10] Daarom word daar vir `n buurman gevra om die oorskot sorgsaam in sy groot stoorkamer op te neem, wat hy ook doen, hoewel dit nie soseer uit vriendelikheid was nie. Hy was altyd `n hebsugtige vrek. Maar omdat Kisjonah hom nou `n paar goue stukke vir sy moeite en behulpsaamheid beloof het en gee, word hy dadelik goedgesind en buitengewoon gedienstig. Met die dra van die sak stoot hy dit egter, omdat dit al behoorlik smerig geword het, `n keer hard teen leerling **Johannes** vas. Dié sê vir hom: "Vriend, wees versigtiger in jou betaalde ywer, anders veroorsaak jy vir jouself en ander skade! Dit sou goed vir jou wees as jy vir die Ryk van Elohim, waarby jy so naby gekom het, so ywerig sou wees as vir die twee ellendige goudstukke, en daarby sou jy jou teen niemand gestamp het nie! O die groot blindheid van die wat die Allerhoogste nooit kan en wil herken nie!"

[11] Maar die buurman laat nie sy aandag aflei nie, hy doen sy afgesproke werk en bekommer hom oor niks verder nie.

[12] Toe vra **Johannes**: "Meester, hoe is dit moontlik dat `n mens soveel stompsinnigheid in sy liggaam en siel kan hê?"

[13] **Ek** sê: "Laat hom gaan! **Van sy soort is daar nou talle duisende in die Judese land, wat selfs meer bot en eiesinnig as `n esel is**! Daarom kry hy ook slegs die loon van `n esel!"

[14] Dit veroorsaak `n gelag by die geselskap, wat nog verder aangewakker word deur Philopold met sy gevatte opmerkings, waarmee hy aantoon dat `n mens meestal alles beter sien as nou juis diegene waar hy met sy neus bo-op sit! En elkeen bewonder sy buitengewone welsprekendheid.

[15] Maar na die voorval staan ons van die tafel af op en begeef ons weldra ter ruste.

### *`n Heelalsfeer* (‘Hülsenglobe’ in Duits)*

# 57

Elkeen soek nou sy rusplek op en slaap tot laat in die oggend. Ek rus ook en slaap `n paar uur. **Altwee engele** was egter die nag besig met die bestuur van die wêrelde en na sonsopkoms was hulle alweer by ons, kom na My toe, bedank My en sê: "Meester, tot in alle uithoeke van die groot ‘wêreldmens’ is alles in orde. Die hoofmiddelsonne staan onwrikbaar op hul plekke en hul omwentelings is reëlmatig, die baan van die sekondêre middelsonne wyk nie af nie, die baan van die derde klas middelsonne om die tweede is ook heeltemal in orde, so ook die middelsonne van die vierde klas met hul ongeveer tienmaal honderdduisend planete en sonne - soos wat U, o Meester, dit vanaf die oerbegin bepaal het! Omdat die tallose planetêre sonne met hul klein, meestal donker, planete en mane tog afhanklik is van die stelsel van die groot leidingsonne, is in hierdie heelalsfeer wat onder ons toesig geplaas is, alles in volmaakte orde, en ons mag daarom weer `n skitterende dag hier by U deurbring, gewyde Vader, en by U kinders wat vir ons so dierbaar is!"

[2] **Ek** sê: "Goed so, gebruik egter elke oomblik ten volle vir allerlei nuttige lesse, want My kinders het dit nog baie nodig!"

[3] Beide die engele verwyder hulleself nou baie bly en hoogs gelukkig groet hulle vir Mirjam en vervolgens die leerlinge, Cyrenius, Cornelius, Festus, Jaïrus, Kisjonah en Borus. Maar Cyrenius, wat iets oor die talle sonne gehoor het, vra beide die engele dadelik oor watter sonne hulle met My gepraat het, omdat hy slegs één son ken.

[4] **Beide** van hulle sê baie liefdevol: "Liewe vriend en broer in die Meester, begeer nie om te weet wat jy nou onmoontlik nie sal kan verstaan nie, en waarin die heil van jou siel ook nie heeltemal van afhang nie! Dit, wat ons met die Meester bespreek het, sou jou dood beteken as jy dit in die mate sou verstaan en insien soos wat ons dit verstaan en altyd moet insien. Want al die sterre wat jy tydens `n mooie nag sien en nog talle ander, wat jou oog vanweë hul groot afstand van hier af nie kan sien nie, is letterlik sonnewêrelde wat vir jou verstand van onmeetbare grootte is. Die een son wat jy sien, is een van die kleinste planetêre sonne; maar tog is hy alreeds meer as `n duisendmaal duisend keer groter as hierdie aarde. Stel jouself dan eers `n vierde klas middelson voor, waaromheen minstens tienmaal honderdduisend van sulke planetêre sonne in `n groot kring tesame met hul planete, of liglose klein aardes, soos die wat deur julle bewoon is, in hul baan trek! Die omtrek van so `n middelson alleen, is so groot soos duisendmaal die som van die omtrek van al die planetêre sonne en hul bybehorende aardes en mane. - Sê my eers, vriend, kan jy jou nou `n voorstelling van die grootte maak?"

[5] **Cyrenius** sê: "Lieflike dienaars van Elohim, vertel my niks meer verder daaroor nie, want dit begin my te duisel! Wie sou dit nou ooit kon droom? En julle kon dit almal so te sê in één oomblik oorsien? Wat `n mag en diepe goddelike wysheid moet julle nie besit nie! Maar omdat ek so weetgierig is, vertel my dan tog net in die algemeen wat daar eintlik op die eindelose talle en eindelose groot sonne te vinde is!?"

[6] **Beide** van hulle sê: "Wat jy op aarde sien, kan jy baie meer edel en dikwels ook reusagtig baie groter op `n groot sonnewêreld vind. Mense, diere en allerlei soorte plante is daar net soos hier, daarby is daar baie groot en onbeskryflike pragtige woonhuise, waarby vergeleke met die tempel van Jerusalem en die paleis van die keiser in Rome, dit heel misrabele slakkehuisies is, en orals is hierdie Een alleen maar die Meester en die ewige voortdurende Skepper!"

*[* "Heelalsfeer" (Hülsenglobe) is die naam vir die groepering van tientalle miljoene maal tientalle miljoene sonne, wat hulle as sentrale sonne van die eerste, tweede, derde en vierde klasse saam met die tallose ander planetêre sonne, soos wat ons van die aarde af kan sien, rondbeweeg. Almal is in `n groot uitgestrekte baan en beweeg om één gemeenskaplike, onmeetlike groot middelpunt, wat bestaan uit `n byna eindelose groot hoofmiddelson. - Ontelbaar baie van sulke ‘heelalsfere’, wat vir die mens ondenkbare groot afstande van mekaar verwyderd is wat die ewige oneindige ruimte vul, heet as `n geheel "Die groot wêreldmens". - Hierdie aantekening is bedoel om die oggend se mededeling van die twee engele aan JaHshua, die Meester van die oneindigheid, beter te verstaan. **Jakob Lorber**.]*